
# Boekbesprekings / Book reviews




J. BURMAN. *Hermanus: a guide to the 'Riviera of the South'.* Human & Rousseau: Cape Town, 1989. 144 pp. Illus. R34,99 (exclusive). ISBN 0 7981 2596 9.


This book covers the area bounded by Cape Hangklip in the west, Cape Infanta in the east and Cape Agulhas in the south — territory generally known as the 'strandveld' of the Overberg. It is indeed a welcome contribution to the sparse literature of this isolated triangle of the southern Cape, an area which the author appropriately terms the 'riviera'. Like the French and Italian rivieras, it has a string of holiday resorts, is situated in latitudes with a Mediterranean climate and although botanically the vegetation of both areas is classified as 'macchia', the fynbos variety of this area is a botanist's paradise.

In the first part of the book the author examines the ambivalent *raison d'etre* for a settlement at Hermanus. From the earliest records it emerges that Hermanus provided a living for professional fishermen as well as a retreat for wealthy landowners who escaped to their 'lustplaats' beside the sea. The diverging interests of the two groups have existed to the present. This section contains much of interest on the early loan farms, the genealogy of the first white settlers and the development of the area as a holiday resort. It also examines the emergence of the modern fishing industry. There is a reliable account of the wreck of the *Birkenhead* as well as information on modern Hermanus, including a somewhat selective 'who's who'. The chapters in this section tend to form entities on their own with no obvious consecutive arrangement, while some of the chapter headings are rather misleading. For example, under 'Anglers' Paradise' one finds information on the natural flora, the golf course and village management board affairs. Part One is enriched with sixteen black and white plates of historical interest.

The six-day guide in Part Two is accompanied by diagrammatic route maps, providing valuable information for the tourist. Each chapter is an absorbing chronicle of the area to be covered on the various excursions and gives much information on the numerous shipwrecks that have made the coastline infamous. This section has sixteen attractive colour plates of the area.

Burman writes for a wide audience and impresses with his broad general interests and knowledge. It is to be regretted, however, that with his obviously thorough research into certain aspects, he does not provide specific references for the serious historian. As a *guide*, the book may also have benefited by the addition of an appendix containing telephone numbers and addresses of local authorities and accommodation facilities for the tourist.

*JULIE WILSON*
*Caledon*




V. CARRUTHERS. *The Magaliesberg.* Southern Book Publishers: Johannesburg, 1990. 388 pp. Geïll R79,90 (eksklusief). ISBN 1 86812 246 8.

Die Magaliesberg vorm die skeidslyn tussen die roesemoes van Pretoria en die Witwatersrand ten suide daarvan, en die vreedsaamheid van die uitgestrekte Bosveld noord van die bergreeks. In en rondom die Magaliesberg, wat ongeveer honderd keer ouer as Berg Everest is, het prehistoriese gemeenskappe gewoon en het blankes hulle eers in die 19de eeu gevestig. Dit is 'n bergreeks ryk aan natuurskoon, plant- en dierelewe en geskiedenis — 'n gebied wat in ons tyd die toevlugsoord van geestelik vermoeide stedelinge geword het.

Die outeur, Vincent Carruthers, is 'n entoesiastiese en bekwame amateur-dierkundige, mede-outeur van die gesaghebbende boek *South African frogs* (Johannesburg, 1979) en redakteur van *The Sandton field book* (Sandton, 1982). In 1989 het hy die Stevenson- Hamilton-toekenning vir sy bydrae tot die bevordering van dierkunde in Suid-Afrika ontvang. Hy is dus toegerus om die natuurkundige gedeelte van *The Magaliesberg* te hanteer, terwyl sy eggenote, die historikus Jane Carruthers, kennelik toegesien het dat die historiese/kultuurhistoriese afdeling nie blapse bevat nie.

Die natuurkundige deel (pp. 5-207) sluit hoofstukke in oor die geologie, die natuurlike omgewing, bome, wilde blomme en ander flora, soogdiere, voëls, reptiele, amfibieë en ongewerwelde diere. Carruthers is hier in sy element: hy skryf met gesag en open 'n nuwe wêreld vir die nie-natuurkundige.

In die kultuurhistoriese afdeling (pp. 209-351) word hoofstukke gewy aan vroeë bewoners van die streek, onrus en verandering voor, tydens en ná die koms van die blanke, die republikeinse periode, die Tweede Anglo-Boereoorlog en die Magaliesberg in die 20ste eeu. Oor hierdie chronologiese indeling kan lank gedebatteer word, want baie historici sou beslis 'n tematiese aanbieding verkies. Slegs sekondêre bronne is vir dié gedeelte geraadpleeg en 'n kritikaster sou nog talle onbenutte bronne kon aantoon. Vir die historikus lewer die afdeling ook weinig nuut op, maar dan moet in gedagte gehou word dat die inligting juis vir die leek bedoel is. So beskou, kan die gedeelte wel as geslaagd bestempel word.

Talryke foto's, waarvan 90 in kleur, verhoog die waarde en bruikbaarheid van die publikasie. Die baie toepaslike sketse deur Rudolph Vosser en Friedel Eloff getuig van hul sensitiewe aanvoeling vir die natuur en dra ongetwyfeld baie by tot die aantreklikheid van die boek. Sommige van hul hoogstaande kunswerkies het ongelukkig in die proses van verkleining veel van hulle trefkrag ingeboet.

Die kaarte op die skutblaaie en in die teks is nie slegs informatief nie, maar kan ook praktiese nut hê wanneer 'n leser 'n bepaalde plek wil besoek wat beskryf word. Die bylae waarin die oorsprong en betekenis van plekname in en rondom die Magaliesberg verstrek word, is handig maar kon vollediger gewees het.

Natuur- en kultuurliefhebbers sal *The Magaliesberg* besonder lesenswaardig vind, want dit onderstreep weer eens dat natuur en kultuur onlosmaaklik aan mekaar gekoppel is. Deur sy hoogs leesbare boek het die outeur 'n diens bewys aan almal wat vir die Magaliesberg lief is. Want wie hierdie boek gelees het, sal met nuwe oe kyk na die rotsformasies, die diere- en plantelewe en die strukture wat deur mense geskep is.

Hierdie boek behoort 'n reuse-bydrae te lewer tot die bewusmaking van die noodsaaklikheid van natuur- en (hopelik) kultuurbewaring in Transvaal. Bowendien is dit 'n gewaarborgde stukkie Africana vir die toekoms.

*O.J.O. FERREIRA*
*Universiteit van Pretoria*




L. CHANGUION. *Letaba-kommando's/kommandos, 1889-1989.* Promedia Publikasies: Tzaneen, 1989. 192 pp. Geïll. Prys onvermeld. ISBN 0 620 141506.

Die Letaba-kommando's het 'n wyse besluit geneem toe hulle dit aan prof. Louis Changuion opgedra het om hul geskiedenis te boek te stel. Sedert hy in 1982 aan die Universiteit van die Noorde verbonde is, is hierdie sy derde werk wat oor die noordelike streke van die land handel. Sy *Pietersburg: die eerste eeu, 1886-1986* is in 1986 gepubliseer en *Haenertsburg 100, 1887-1987* 'n jaar later.

Marie van der Steen, Changuion se medewerker, is al etlike jare verbonde aan die Merensky Hoërskool by Tzaneen en sedert 1979 ook aan die Letaba-kommando. Met dié militêre agtergrond het sy sinvol bygedra as navorser en ook gehelp om die boek in albei landstale uit te gee.

Changuion het sy onderwerp wyd aangesny en ook die herkoms van die woord 'kommando' sowel as die oorsprong en bestaan van kommandostelsels in Suid-Afrika beskryf. Die boek dek dus 'n wyer belangeveld as die van plaaslike kommandolede oor wie se geskiedenis dit eintlik gaan. Die verhaal speel hom af teen die agtergrond van die vestiging van blankes in die gebied meer as 'n eeu gelede. Daar word aandag gegee aan die tienjarige oorlog waarin die blanke pioniers met die plaaslike bevolking gewikkel was. Die was skaars verby, toe die Tweede Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek en lede van die Letaba-kommando opgeroep is om hul land te verdedig.

Ná die oorlog het die kommandostelsel herleef met die Unie-Verdedigingsmag se sogenaamde Skietkommando's. Dit was vreedsame jare van skietkompetisies wat hoofsaaklik om die beoefening van die sport en die kweek van liefde vir 'n geweer gegaan het. By landsverdediging was hulle nie betrokke nie. Nadat terrorisme in 1961 in Suider-Afrika begin en sedert die 1980's ook op die Transvaalse noordgrens voorgekom het, is aan die kommando's weer 'n pertinente verdedigingstaak opgedra — iets wat met ywer en toewyding verrig is.

Die kwyn en groei van kommando's die afgelope eeu het ten nouste met die lotgevalle van die plaaslike gemeenskappe saamgeval. En dit maak van *Letaba-kommando's* 'n waardevolle studie; want ofskoon die boek die lotgevalle van militêre eenhede uitbeeld, bied dit in der waarheid veel meer: die geskiedenis van 'n streek en sy mense.

*SOPHIA DU PREEZ*
*Militêre Akademie, Saldanha*